

Die besondere betekenis van die Psalms in die Christelike Kerk

A C Barnard¹

(Universiteit van Pretoria)

ABSTRACT

The exceptional value of the Psalms in the Christian church

The Psalms have a special place in the Bible as God's great prayer and hymn book. It is the work of various people, under the most representative situations, but it is also the work of the Holy Spirit. The Psalms express the lives, struggles, joy and praise of people before God with great clarity and true compassion. Their experiences of life, seen in the light of the living God, are vivid and real. The Christian Church took over the Psalms as their own, after the example of Jesus, whose life and work was seen as pictured in them. It became their prayer and hymn book – their life guide. The message of the Psalms is of such exceptional spiritual depth, expressing in great clarity every human need and emotion before God, that the Christian Church could find and understand itself in those situations and could associate itself with it.

In die kerk van Jesus Christus is daar verskeie liedere en liedbundels in gebruik. Onder hierdie liedbundels is daar een bundel met 150 liedere wat onderskei word van die ander, wat gewoonlik afsonderlik genoem word en wat 'n eie karakter dra: die Psalms. Ons kan sê die Psalms het 'n eie karakter, 'n eie boodskap, 'n eie "stem", 'n eie plek en betekenis.

1 DIE BESONDERE BETEKENIS VAN DIE PSALMBOEK IN DIE BYBEL

In die Bybel is die Psalmboek 'n besondere boek – 'n hele Bybelboek vol liedere, God se liedboek! Die Psalmboek is 'n versameling van 150 liedere/gebede uit verskillende tye, deur verskillende persone, soos Dawid, Moses, Salomo, Asaf, en andere, maar ook deur sanggroepe, soos die Koragiete.

Hierdie liedere/gebede het ontstaan onder wyduiteenlopende omstandighede, waar gelowiges geworstel het met vyande, met gevare, met persoonlike en gemeenskaplike probleme; waar hulle hulle geloof in God en hulle dankbaarheid teenoor Hom uitgedruk het; waar hulle die Here geloof en geprys en aanbid het in tye van groot hoogtes, van gapende dieptes en van intense worsteling. *Hier vind ons die lewe van die enkeling en die*

¹ Emeritus professor, Departement Praktiese Teologie, Universiteit van Pretoria.

gemeenskap voor die aangesig van God. Hier verkry die Godservaring vleuels wat mense versterk en bemoedig. Agter die intense menslike belewing en Godservaring, staan die inspirasie van die Heilige Gees, waardeur God se Persoon, Wese en wil bekend word. Dit is daarom nie maar net 'n liedboek wat deur mense geïnspireer is of naas die Bybel op eie bene staan nie.

Hierdie liedboek is deur die Heilige Gees geïnspireer en deur die kerke officieel as Heilige Skrif erken - *dit is kanon*. Dit is verder *poësie met 'n besondere wyduiteen-lopende boodskap*, wat onder die wil van God en die leiding van die Heilige Gees ontstaan het. Ons kan sê God het gewil dat dit as Heilige Skrif erken en opgeneem is en Hy gebruik dit as sy selfopenbaring aan die mens. *Daarby bly dit besondere liedere/gebede wat leef in die harte en op die lippe van God se volk by verskillende geleenthede*. Later by die hoofstukindeling van die Bybel, is dit nie in hoofstukke ingedeel nie, maar is genommer volgens die afsonderlike liedere.

By die tempel en in die sinagoge het dit 'n besondere plek ingeneem in die diens en aanbidding van God. Dit is nie gebruik vir die reëlmatige voorlesing daarvan, soos die wet en die profete nie. Dit hoort ook nie by die feesrolle wat by die feeste gelees is nie. *Hierdie boek is gebruik om daaruit te bid en te sing. Die Psalms het 'n wesentlike deel van die liturgie gevorm. Veral ook in die persoonlike lewe en vroomheid van mense in die gewone lewe deur die week, het die Psalms 'n besondere plek ingeneem.*

2 DIE PSALMBOEK IN DIE NUWE TESTAMENT

Die Psalmboek leef in die Nuwe Testament. Daar is talryke aanhalings van die Psalms in die Nuwe Testament – sowat 200 aanhalings in die Nuwe Testament uit die Psalms. Die aantal toespelings op die Psalms is egter veel groter. Geen boek van die Ou Testament word in die Nuwe Testament enigsins naastenby so dikwels aangehaal as die Psalms nie. By die Qumran-fondse is van geen boek van die Bybel soveel handskrifte gevind as van die Psalms nie.

2.1 Jesus se hele Persoon en sy werk is omring van en deurweef met, aanhalings uit die Psalms

Sy lewe is 'n uitbeelding van die Psalms. Die *Magnificat* (Luk 1:46-55) en die *Benedictus* (Luk 1:68-79) is 'n refrein van Psalm 41:14; 72:18; 89:53; 108:48.

By sy doop klink Psalm 2:7 (Matt 3:17). Ook klink 'n Psalm by die tweede versoeking van Jesus, Psalm 91 (Matt 4:6), net soos op die berg van verheerliking, Psalm 2:7 (Matt 17:5).

Deur gelykenisse te vertel, vervul Jesus die Woord, Ps 78:2 (Matt 13:35).

Jesus sien Psalm 110:1 as die openbaring van die volle geheim van sy messianiteit (Matt 22:44; Mark 14:62; Luk 20:42v). So sal die geslagte van die aarde Hom ook sien sit aan die regterhand van God, Psalm 110; Psalm 104:3, (Matt 26:64 en par).

Jesus se intog in Jerusalem word deur die evangeliste gesien as 'n vertolking van Psalm 118.

So ook word Psalm 22 in verband gebring met sy kruisiging.

By die laaste Pasga, waartydens die nagmaal ingestel is, sing Jesus en sy dissipels die groot Hallel – Psalm 113-118 (Matt 26:30).

In sy verlatenheid aan die kruis, kom weereens die Psalms ter sprake, Psalm 38:12v; 88 (Luk 23:49).

Jesus se laaste woorde aan die kruis is 'n Psalmvers, Psalm 31:6 (Luk 23:46).

Na sy opstanding lê Jesus Moses en die profete en die Psalms uit met die oog op sy Persoon en sy werk (Luk 24:44).

Ook na sy opstanding het die sing van die Psalms voortgegaan, Psalm 34:21 (Joh 19:36).

Jesus word as die Subjek van die Psalms herken, Psalm 22 (Matt 27:34vv); Psalm 69:22; 109:25 (Matt 27:48,49).

2.2 Die Psalms word verstaan as “vervuld” in Jesus se Persoon en werk

Vervulling moet hier nie gesien word as voorspellings wat in Jesus uitgekóm het nie. “Vervulling” beteken dat die inhoud en bedoeling van die Psalms na hulle wesentlike inhoud en na hulle diepste betekenis tot hulle ware bestemming gekóm het (vgl Gerritsen 1952:20). In hierdie siening het Christus self ons voorgestaan. Hierin het die kerk Hom gevolg. Hierin lê tegelyk die uitgangspunt vir die gebruik van die Psalms in die erediens van die Nuwe Testament.

2.3 Vir ons is die Psalms vervuld, maar in hulle vervuldheid, moet hulle ook vir ons weer nuut word

“Ook vandag, indien ons ons laat inspireer deur die nuutheid van die opgestane Heer wat nou leef by die Vader, en in die kerk deur sy Heilige Gees, word die Psalms nuut. Ons het behoefte daaraan dat die Gees ons vernuut, aan ons ore skenk om die Psalms te leer beluister, tot in ons hart, en 'n mond om dit biddend te sing” (Michel 1990:47).

2.4 Die Nuwe Testamentiese kerk eien hom die Ou Testamentiese Psalter toe as ‘n eie Psalmboek,

waarin die oorspronklike spreke weerklink met 'n allereie “vervuldheid” “From the historic point of view, psalmody was the greatest legacy of the Synagogue to Jewish Christianity, and thence to the gentile Church” (Werner 1959:145). Hierdie “vervuldheid” kan deur die eeue van die

geskiedenis van die kerk, van geslag tot geslag en van naspreker tot naspreker, 'n eie kleur aanneem (vgl Heeroma 1973:303-4).

2.5 Ook die prediking van die apostels is deurweef met motiewe uit die Psalms

Dit loop dwarsdeur die Nuwe Testament tot in Openbaring. Hier word Jesus beskryf as die Koning van die konings.

3 DIE CHRISTELIKE KERK NEEM DIE PSALMBOEK OOR AS SY LIEDBOEK

3.1 Vanaf sy begin, dwarsdeur die lang geskiedenis van die kerk, het die kerk die Psalmboek as 'n wesentlike deel van sy erediens en van sy liedereskat beskou

Op die lang weg van sy bestaan, het die kerk die Psalms gekoester, dit gelees, gesing en dit gebid – ja, daaruit geleef – in sy samekomste en in die persoonlike geloofslewe.

“Geen ander boek van die Skrif het op hierdie wyse so tot eiendom van alle Christelike gemeentes van die wêreld geword nie. Met ongehoorde realisme neem die jong heiden-Christen die bid en die skreeu van die vaders vir sy eie; sien homself met hulle vervolg, hoop op die Ryk van God uit hierdie lyding, buig hom in die boetepsalms en dank in die lofliedere, prys God se grootheid en verkry tot skepping 'n nuwe verhouding...” (Hartenstein aangehaal Herrmann, Th 799). -

3.2 Die kerk het hom steeds gebonde gewet met die boodskap van hierdie boek, waar die geloof in die lewe van die mense konkrete gestalte aangeneem het

By die lees en sing en bid van die Psalms, het die kerk die stroom mense in hulle ryke verskeidenheid aan sy geestesoog sien verbybeweeg. Hierdie mense was egte mense wat in hulle geluk en droefheid, juigend of klaend, seëvierend of verdruk, in die lig van die lewende God beweeg het. Die kerk het naas hulle kom staan, soos hulle voor God staan, en het self ook so voor God kom staan en het Hom so leer ken en tegelyk besef dat Hy óns ken. “Die Psalms, die gebeds- en gesangboek van Israel en die Jodendom tot tans, is ook die gebeds- en gesangboek van Jesus tot in sy doodsuur en so dien dit ook die kerk tot in die teenwoordige tyd.... Die kerk het in die erfenis van Israel ingegaan” (Goltzen 1963: 91).

3.3 Die Psalms het geword en gebly, die lof-, dank- en geloofsboek van die kerk – die leerboek oor die praktiese geloof en die troosboek in die aanvegting

In die Psalms het die kerk gehoor van die groot daade van God, ja sy eie stem gehoor, en geleer om daarop in geloof, met eerbied, met lof, dank en aanbidding te antwoord. Hulle het die werk van God in die lewens van mense gesien en hierdie selfde werk vir hulle gelowig verwag. “Omdat die Psalms die gebede en woord-gestalties van Christus is, bly hulle die die lofprysings en gebede van sy liggaam. Sy liggaam op aarde, die strydende kerk, druk hom in hierdie woorde van die Here uit... En omdat die Psalms die gebed van Christus se liggaam is, word dit gebed deur elke lid van hierdie liggaam... Dit is die gebed van Christus se liggaam wat hy mee-bid. Die gelowige bid die Psalms met die kerk én Christus” (Gerritsen J, 1952, 24). Die Psalms: “Hulle voed ons op tot die fundamentele lewenshouding van die Christelike lewenswandel: Hoop, berou, dank, lofprysing, vertroue, verlange, soek na God se aangesig... Dit is die heilsgeskiedenis van die Godsvolk. Dit is ewe-cens my allerpersoonlikste heilsgeskiedenis. Liturgies bid, maak ons, en my, tot tyd – en lotgenoot van God se redding in die verlede, hede en toekoms” (Michel, 1990:48).

3.4 Die Psalms is uit die tyd voor die koms van Jesus Christus

Daarom het die kerk die Psalms wel geheel toegeëien, maar het die gebruik baie vroeg ontstaan om elke Psalm te eindig met die sing van die trinitariese lofvers, die *Gloria Patri* - “Ere aan die Vader en die Seun en die Heilige Gees, soos dit was in die begin, nou en altyd weer en van ewigheid tot ewigheid. Amen”.

4 DIE PSALMS AS LIEDBOEK, NAAS DIE LEESBOEK EN PREEKBOEK

Waar die Psalms berym word om as liedere gebruik te word, gebeur daar inderdaad iets daarmee. By ‘n beryming kom ‘n ingrypender verandering as by ‘n blote vertaling. By die beryming word die boodskap inniger vervleg met die geestesbesit van die berymer en van die kerk en van die bepaalde tyd. Dus deur die beryming kry die Psalms ‘n gekleurde vertolking.

In die kerklied kom die ritme van die berymde teks by, wat die boodskap ‘n blywender effek gee as die prosateks. Hierby kom die versterking van die boodskap deur die melodie van die lied. So verkry die gesongte Psalm, en wat dikwels herhaal word, ‘n ander karakter as die Psalm wat net gelees word. Dit verkry egter ‘n veel groter trefkrag.

In die Bybel is die Psalmboek een boek van ‘n hele reeks van 66. In die liedboek word die Psalms as ‘t ware uitgehaal en verkry dit ‘n groter selfstandigheid. Deur die herhaling word die bekendheid daarmee en die krag daarvan in die lewens van die mens, in hierdie vorm, versterk.

5 ENKELE VOORBEHOUDE TEN OPSIGTE VAN DIE PSALMS VIR DIE NUWE TESTAMENTIESE GEMEENTE

5.1 Die vyande waarteen gestry word en die roep om die straffende wraak van God

(bv Pss 35; 52:6-7; 55:16; 58; 68:21-23; 69; 83; 109:5-19; 110: 5-6; 137:7-9; 139:21).

In die Psalms kom ons telkens vyande teen, teen wie die digter verwensings en wraak uitspreek.

5.1.1 Wie is hierdie vyande?

Op hierdie vraag word verskillende antwoorde gegee: Dit is konkurrente, mededingers, teenstanders, onderdrukkers, vyande wat die digter en andere in hulle persoon en bestaan bedreig, wat mense in die noute en angs bring. Baie van die vyande het min te make met moraal, hoewel die teenstanders boos is (Keel 1997:56-57); die vyande is mitiese doodsmagte (S Mowinckel); die aanklaers en vervolgers van die regverdige en vrome weens sy siekte, wat gesien word as straf op 'n geheime oortreding (H Schmidt); dit is mense wat die regverdige benadeel (B Duhm); dit handel oor buitelandse magte wat die Godsvolk en sy verkose koning bedreig (vgl Kraus 1978:114-117); hulle is verdrukkers van die armes, die regverdige en die hulpeloses, ensovoorts.

In al hierdie antwoorde, sit 'n element van waarheid.

5.1.2 Die vyande kan die beste gesien word as:

die persoonlike teenstanders wat die digter in sy bestaan bedreig. Dit is ook mense wat van buite die volk van God en sy koning bestry - vyande van God se volk. Verder is die vyande persone wat die armes, die hulpeloses, die opregtes verdruk en bespot. Ook moet die vyande verstaan word in die pogings van mense om die digter, die vrome, van God te skei, deur sy probleme te sien as straf van God op sy geheime sonde. Die vyande word getransendeer as bo-menslike magte wat die regverdige wil bestry. Die vyande tree op as vervolgers, is verloënaars en haters, wat vermetel handel, gewelddadig optree en die vrome bedreig. Die vyande is ook bese en slegte mense - goddeloses, wat immoreel leef en optree. Ten diepste is die vyande ook God se vyande – “U vyande” (Pss 21:9,10; 66:3; 83:3-5; 89:11,52; 92:10; 110:1,2). Hulle hoon en smaad sy saak.

5.1.3 Die optrede wat gevra en afgebid word:

die digter vra dat God hierdie vyande sal straf, dat Hy hulle planne en werke sal keer, dat hulle sy vergelding sal ontvang.

Dit is die Ou Testament vergeldingsreg: 'n oog vir 'n oog en 'n lewe vir 'n lewe – die *lex talionis* (Eks 21:23,24; vgl Lev 24:20). Hierdie optrede

word vandag as vreemd ervaar. Ons moet egter die Psalms en die gevraagde optrede na hulle ware betekenis en bedoeling verstaan.

In die Psalms word daar 'n sterk teenstelling gemaak tussen die regverdige en die onregverdige, tussen die vrome en die goddelose, tussen die gelowige en die ongelowige. Die Psalms spreek van 'n liefde en trou teenoor God wat omvattend en totalitêr is. Die liefde verdra geen neutraliteit teenoor die sonde en die onreg en die ongelooft nie. So 'n liefde bring van self 'n afkeer en selfs 'n haat mee teenoor diegene wat God verwerp en die sonde aanhang (Ps 119:23-24). Dit raak veral diegene wat met die hele hart tot God se beskikking wil staan, maar hierin verhinder word deur mense wat God en sy gebod nie ken nie. Die liefde teenoor God, laat ook iets weerspieël van GóD se haat teen die sonde, wat 'n vertrapping van sy liefde is. Die vyande staan in die gelowige se pad om God te dien en is tegelyk ook God se vyande wat sy saak en sy persoon bestry. Daarom word juis *Hy* gevra om die vyande te straf. Die roep om vergelding spreek van 'n honger na God se geregtigheid.

Ons mag nie hier redeneer dat die haat gerig moet wees teen die sonde, maar dat die sondaar los van sy sonde liefgêre moet word nie. Hierdie mens as sodanig in moderne sin, as los van sy bestaan en sonde kom nie in die Psalms voor nie. *Hier is hy nooit die mens los van sy lewe nie, maar altyd die mens in sy lewe* - die vrome, die gelowige mens, of die verdrukte, die veragte, die verontregte mens, of die goddelose, die onregverdige, die bose mens. Die sondaar word met sy sonde en onreg geïdentifiseer. Die vromes, omdat hulle die eiendom van God is, is ook betrokke by die stryd van God. Sy stryd gaan om sy koningskap op aarde tot gelding te bring. Hierdie stryd vind sy uiting in die verlossing van Israel waardeur hy tot die volk van God kan word. Die stryd is daarom die voortdurende herhaling van hierdie verlossende heilsfeit. Hierdie stryd word ook in die hede gevoer met die sekerheid van oorwinning. Daarom geld ten opsigte van die sogenaamde wraakpsalms dat hierdie haat en wraak nie losstaande etiese waardes is nie, maar uitdrukking is van die onverbiddelikheid van God se liefde (vgl Gerritsen 1952, 17-20; Kraus 1978, I, 112-117; Keel 1997, 56-57).

5.1.4 Onnadenkend word die gevaarlike uitspraak gedoen: Laat ons al die “wraakpsalms” uitlaat uit die gebeds- en liedboek van die Christelike Kerk

Hiermee word in die hande gespeel van Marcion en die Gnostiekers van allerlei slag oor alle tye, wat die fatale cliché gebruik: “die ‘God van wraak’” is Ou Testamenties-Joods, en “‘die God van liefde’ is Nuwe Testament-Christelik”, waarby bedoel word dat die God van die Ou Testament nie dieselfde is as die God van liefde van die Nuwe Testament nie. Hierdie standpunt is histories vals en teologies gevaarlik. Dit is juis omdat die God van die Ou Testament, 'n God van liefde is, dat Hy inderdaad die sonde en onreg in al sy vorms straf. En dit is ewe-eens omdat Hy dieselfde God van

die Nuwe Testament is, en wat die God van liefde is, dat Hy eerder as om die sonde en onreg deur die vingers te sien, dit gestraf het aan sy Seun, Jesus Christus met die bittere en smadelike dood aan die kruis. Dit is ook die liefdevolle God van die Ou Testament én Nuwe Testament wat diegene wat sy verlossing verwerp, met die ewige dood sal straf – juis uit sy liefde! En die Regter, sal niemand anders wees nie as juis dié Jesus wat ons geleer het wat God se liefde beteken en dat God, die God ook van die Ou Testament, nie net 'n God van liefde is nie, maar dat *Hy die liefde, die Absolute Liefde is*.

Verder, wie sal bepaal watter Psalms om uit die liedboek te verwyder? Of wie sal bepaal watter wraakgedeeltes om daaruit te laat? Hier geld die Reformatoriese strydkreet: “Die Woord van God moet julle laat staan!” – op die punt waar mense hulle teologies opstel tot skeidsregters oor wat God se Woord is en wat nie. Nog steeds geld die kanon as afgesluit en hoe wil mense nou op hulle eie die kanon herskryf? Tereg stel Erich Zenger (1988:16-18) dat eksegeties aan afsonderlike Psalms getoon kan word, dat daar geen Psalm is wat deur en deur van wraak en haat bepaal is nie. Die wraakgedagte is telkens ingebind in die gebeurstruktuur van die klag en bede om redding. Daar is geen “Vloekpsalms” met 'n vloek soos Deuteronomium 27-28 nie. Dit is meestal wense en bedes wat direk of indirek tot God gerig word, sodat Hy aan die werk van die vyande 'n einde maak. Verder moet daarop gelet word dat die emosionele taal van hierdie psalmuitsprake geen dogmatiese leerstuk is nie, maar digting is; dit is uitdrukking van angste, stemminge, aggressies, krenkinge en uitinge dat die Bose en die bose magte nie die laaste woord kan en mag hê nie. Die wraakwense is lewensuiting van vervolgdes, verdruktes en tot die dood verskriktes, wat daarmee die laaste vonk van hulle lewenswil mobiliseer. Dit is reaksie op onuitspreeklike nood.

Byvoorbeeld die bekende en geliefde Psalm 18 is so opgebou: Vers 1-7 handel oor die liefde van die digter teenoor God; verse 8-25 handel oor die wraak van die Here en die belydenis van die digter dat Hy hom gered het van sy vyande; verse 26-32 word die dank teenoor die Here uitgespreek vir hulp en uitredding; verse 33-46 vermeld die Here se straf op sy vyande; verse 47-51 bied lof aan die Here vir sy uitredding. Wie enige deel van hierdie Psalm uitlaat, trek dit skeef en vermink die Psalm en verdraai sy boodskap. Buitendien, volgens watter maatstaf kan gedeeltes uitgelaat word? Onvermydelik sal dit wees volgens subjektiewe maatstawwe, wat óf Piëtisties óf Rasionalisties óf oppervlakkige halleluja-geroep óf iets dergeliks, sal wees.

5.2 Die betuiging van onskuld en geregtigheid (Pss 7:4-5; 26:3-5)

Hoe moet hierdie uitsprake verstaan word? Om hulle Nuwe Testament sonder meer te wil verklaar, sal ons verwar. Kraus (1978:116) wys daarop dat dit verstaan moet word vanuit die optrede van die vyande teenoor die

swakke en reglose. Hier het die vyande veral twee doelstellings: Om die geloof en die vroomheid van die bidder te ontken en sy moeilike posisie as straf op sonde te teken; om hom te vervolg. In hierdie moeilike prosesse by die heiligdom (Deut 17:8-13), moet die priester beslis. Die vyand tree saam in die heiligdom. Dikwels trag hulle om hier nog nuwe aanslae en verloënings na vore te bring wanneer die uitspraak ten gunste van die bedreigde uitgeval het (Ps 4). Maar die klaende bid voor die Here om sy reg, hy verklaar homself onskuldig (Ps 7) en neem sy toevlug tot die reddende God-spraak. Die asielfunksie van die tempel moet ook in rekening gehou word. Die hulpeloos vervolgde vlug na die tempelgebied en ver wag van die Here die beslissing oor reg en onreg van hulle voor Hom.

Hier gaan dit dus nie om die betuiging van eie volmaaktheid nie, maar dat die gehoorsame lewe en die goeie werke in sy Naam gedoen, soos vrugte is wat God in die bidder laat groei. Trouens, die Psalms self ken hierdie verbinding van ootmoed en goeie werke (Pss 119; 94:20,71). Die verbindende element is die liefde wat in volkome oorgawe die eiendom van God wil wees (Pss 119:124; 133:1).

5.3 Die probleem van die die sogenaamde koningspsalms vir die Christelike erediens (Pss 2; 21; 45; 101; 110)

Hier lê die probleem vir mense dat ons nie 'n aardse koning het en dat ons nie die koning van Israel besing nie. Ook hier word 'n oordeel uitgespreek, sonder om dieper op die saak in te gaan. In Israel is die koning nie slegs 'n wêreldse heerser nie. Hy is die verteenwoordiger van God. Hy is ook die instrument in God se hand en sy mondstuk en is geroep om die volk die wil en weë van die Here te leer en daarin voor te gaan. Koning Dawid het 'n groot rol in die godsdienst gespeel – baie van die Psalms dra sy naam. Hy beklee 'n baie belangrike plek in die verhouding tussen God en sy volk. Hy moet ook die stryd van die Here voer, moet die volk beskerm, die reg handhaaf en die kwaad straf. Die Psalms verwoord dan ook die reaksies in krisis- en grenssituasies, waarin die koning 'n belangrike rol speel. God is in werklikheid die enigste ware Koning vir sy volk. Die aardse koning is regeerder slegs by die guns van God en hy moet in alles rekening hou met God se saak, met sy wil en met sy volk. Van sy doen en later moet hy steeds rekenskap aan die Here gee. Die Here roep dan ook telkens die koning tot orde. Die koning moet vir Israel - en ook vir ons – by homself verbywys na God as die ware Koning.

In die Nuwe Testament openbaar Jesus Hom as die ware Koning, wat die koningskap van Israel vervul en tot sy diepste betekenis bring. Hy laat ook die ware beeld van God as Koning tot sy volste reg kom. Daarom is Hy ook gekruisig met die opskrif: “Die Koning van die Jode”. Hy word as Koning vereer en aanbid en in Openbaring leer Hy Homself ken as die Here van die here en die Koning van die konings.

Byvoorbeeld in Psalm 21 word só van die koning gesing: verse 1-8, die koning vertrou op die Here wat hom beskerm, seën en eer gee; verse 9-14, die Here sal al sy vyande en haters tref en verdelg. Neem 'n ander voorbeeld, Psalm 45: vers 3, want u hele lewe lank seën God u; vers 5, mag u oorwin! Knoop die stryd aan vir die waarheid en vir die reg van die hulpelose!; vers 7, u troon staan vir altyd vas, met u septer laat u geregtigheid geskied; vers 8, u het die reg lief en haat die onreg – God het u gesalf tot koning. Die huldiging van die koning staan hier op die voorgrond. “Die glans egter, wat oor Psalm 45 lê, gaan uit van die profeties-geskoude skoonheid van die ewige koninkryk wat alle spore van verganklikheid, verborgenheid en verandering oorwin en slegs die vreugde en viering, snarespel en volkome geluk meebring” (Kraus 1978:494). Tereg skryf H Spieckermann (1989:219):

“So ken ook die Ou Testament 'n sakrale koninkryk in dié sin, dat Jahwe die koning in die sfeer van sy heerlikheid inlaat en hom met alles wat Hyself is en Hom omgee, ryklik beskenk. Maar die nabyheid van die koning tot Jahwe, hef nie die grense tussen beide ver- vaag nie”.

Indien 'n voorganger 'n koningspsalm opgee aan die gemeente om te sing, kan hy maar net in enkele strepe die hermeneutiese lyn van die Ou Testament koning na die Ewige Koning, Jesus Christus, trek.

5.4 Die sogenaamde liturgiese argument om 'n hele aantal Psalms uit die liedboek te laat en verder om die oorblywende Psalms te reduseer tot twee of drie strofes per Psalm

Hier word 'n woord gebruik as vlag wat nie die lading dek wat daarmee bedoel word nie en is buitendien 'n baie eensydige siening. *Die woord liturgie of liturgies word vandag in verskillende betekenisse gebruik*, naamlik as net die nagmaal, of slegs dié elemente wat 'n omraming is van die preek en nagmaal, of as slegs die vorm van die erediens, of in die swaar kultiese betekenis van 'n spel te wees met heilige en onveranderlike dinge, of in die betekenis van die omvattende diens van God deur die hele lewe, of die erediens van die kerk deur die eeue, of as die inhoud van die gebeure as die gemeente saamkom om sy Here te dien en te aanbid.

Liturgie of liturgies is afgelei van *leitourgia*, wat saamgestel is uit *letos* (Ionies *laos*) wat “volk” beteken, en *ergon*, wat “werk” beteken. Ons sou kon sê dat etimologies dit beteken: “diens van die volk”, of “werk in belang van die volk”. Die hele betekenis van liturgie word teologies, sowel as etimologies, bepaal deur die twee deelnemers: Die mens en God. Wat die mens doen is reaksie op Wie God is, wat Hy doen, hoe Hy gedien en aanbid wil word en wat die doel van die erediens is. Dit kan nooit anders-

om werk, naamlik dat die mens bepaal waarvan hy hou en dat God daarop moet reageer nie. Die bogenoemde voorstel gaan daarvan uit dat dit in die eerste en die laaste geval is waarvan die mens hou en wat hom behaag – dat dit uit en uit mensewerk is. *Dus wat die mense aangaan en wat hulle behaag en waarvan hulle hou. Die ware betekenis dat alles draai om die Drie-enige God en sy diens en dat Hy die inhoud bepaal en reeds bepaal het in sy Woord, word buite rekening gelaat. Liturgies is in die eerste plek of wat mense in die erediens doen, volgens die wil van God is, dus volgens die Bybel is. Daar moet gevra word wat die bedoeling van God met die Psalms in die Bybel is en hoe Hy wil hê dit gebruik moet word. Hierby kom die mens en sy behoeftes ter sprake. Hierbo het ons reeds gesien wat die inhoud en betekenis van die Psalms is en hoe ingrypend dit ook ons vandag raak.*

Die voorstanders van die “suiwering” van die Psalms in die kerklied maak die onverskoonbare fout, deur te meen dat die Psalms in leesbare vorm in die Bybel in die hande van die gemeente gegee mag word en dat dit in die gebed gebruik mag word, dat daarvoor gepreek mag word, maar dat dit om vreemde redes nie in die erediens gesing mag word nie. Dom Michel (1990:48) noem die Psalmsbundel “‘n tot liturgiese gebed verdigte heils-geskiedenis”. Hy beskryf dit verder soos volg:

“Die Christene sowel as die Jode het die 150 Psalms steeds beskou as ‘n digterlike, biddende – singende samebundeling van God se bevrydende en verlossende heilswerk, van skepping tot voltooiing by die parousie (verskyning) van die Messias. Wat die Skrifte elders uitvoerig verhaal, profeteer, leer deur wysheidspreuke of gelykenisse, en nog veel meer, dit alles word hier gedig en gebed op die lippe en in die hart van die Godsvolk”.

Die Psalms is met ‘n bepaalde doel gedig en in die Bybel opgeneem. Dit is voorsien van allerlei liturgiese besonderhede en musikale aanduidings, wat dui op hulle liturgiese gebruik as liedere. Die hele boek dra in die oorspronklik die naam: *Tefillim: Boek van die lofsange*. “Hulle moet luid word, gesiteer en resiteer word, ingeoefen en voorgedra word, gesing en opgevoer word, in elk geval tot gehoor gebring word. Hulle dien ‘n doel: hulle is vir gebruik geskep” (Seybold 1986:70).

6 DIE BOODSKAP VAN DIE PSALMS

Die hele skaal van menslike emosies vind weerklank in die Psalms:

Die Psalms het ‘n skoonheid wat ontroer, ‘n aantrekkingskrag wat uniek is, ‘n spiritualiteit wat die hele menslike emosie omvat en ‘n segkrag wat ten spyte van die eeuelange gebruik, nie afslyt nie. J J Müller (1962:74) versterk die uiteensetting van die betekenis van die Psalms as hy skryf:

“Die Psalms bevat al die musiek van die menslike gemoed: die liriese uitinge van sy liefde, die droewige berou oor sy sonde, die vreugde in sy oorwinning, die wanhoop aan homself in sy swakheid, die opbeurende krag van sy geloof en die salige jubel van sy versekerde hoop”. Die inhoud omvat die hele span van die geloofslewe: “from the depths of despair (Ps 130) to the heights of exaltation (Ps 150), from the praise of God as Creator (Ps 104) to the confidence in Him as Shepherd (Ps 23), from prayers of penitence (Ps 32) to hymns of thanksgiving (Ps 136)” (Nuechterlein). In dieselfde trant skryf E E Ryden (1959:13): “No other hymnbook has reflected so profoundly the hopes, the joys and sorrows, the longings and aspirations of the human soul as does the Psalter”. By die ingebruikneming van die Afrikaanse Psalm- en Gesangboek in 1944, spreek Totius die volgende gevelede woorde uit: “Psalmsing is die hemelvaart van die siel, die uitstrek van die hand na die verborge skat van die geloof”. Seer tereg skryf Eusebius van Caesarea (263 – 339) in sy kommentaar op die Psalms. “Alles is soos in ‘n groot openbare skatkamer in die boek van die Psalms saamgedra”.

Dit is ons voorreg om die Psalms te sing en te bid. Sing en bid is ‘n spontane reaksie op die Godsgeskenk van die geloof. Deur Jesus, in die Gees, het ons die lewe. Met die lewende Heer bid ons die Psalms tot die Vader. Met die kerk, die bruid, bid ons hulle tot Jesus, die Messias, wat weer kom, en biddende gaan ons Hom tegemoet:

“Met die ontelbate skare, gegryp deur God se kragtige Woord, bid ons: ons smeek, ons skreeu om hulp, ons spreek voor, ons dank, prys en bejubel, ons dans voor God... Soos Jesus, die groot ‘Voorbidder’, besing ons die bevryding, die heil. Ons bid en sing die Psalms soos Hy gebid het en gesing het met Israel: met ons stem, met ons hart en siel, met ons lewe. Goddank is die Psalms so diep-menslik... Soos ‘n spieël weerkaats dit die armoede van my hart” (Michel 1990:48).

Die kern van die boodskap van die Psalms in hulle ryke verskeidenheid is dat dit gerig is tot God in sy heiligdom en dat dit in oneindige variasie die lof, prys, verheerliking, dank en aanbidding van God besing. God staan in die middelpunt en daarom kry die mens ook sy regmatige plek. Hier word nie vanuit die mens as middelpunt, gedink oor God en sy sorg en liefde nie, maar vanuit God as die lewende God. Hierdie teologiese gerigtheid van die Psalms bring ‘n groot korreksie aan by vandag se subjektiewe en antroposentriese siening van die lied, van die godsdienst – ja van God self.

7 DIE PSALMS AS BASIS EN BRON VAN ALLE KERKSANG

Die Psalms is die kern, die basis, die voorbeeld van alle kerksang. Nie alleen het die Christelike kerk die hele bundel met die Psalms net so oorgee as sy eie liedbundel nie, maar die Psalms het gedien as die basis, kern, die bron, die oerstof, die fokuspunt en die voorbeeld van alle verdere liedere.

Vir Calvyn is die Psalmbundel uniek omdat dit God se eie, geïnspireerde woord is. Hy skryf in die voorwoord van sy Geneefse liturgie, *La Forme*: “Die Psalms is deur die Heilige Gees self aan koning Dawid ingegee. So kan ons by die Psalmgesang seker wees dat God ons die woorde in die mond lê, asof Hyself in ons sing, om sy roem te verhoog”. In die voorwoord van sy kommentaar op die Psalms skryf hy: “Omdat ons oral gesoek het, sal ons geen beter of gepaster vind as die Psalms van Dawid nie, wat die Heilige Gees uitgespreek en aan hom gegee het nie”. Deur die sing van die Psalms gee ons volgens Calvyn, aan God terug wat Hy eerste aan ons gegee het, en spreek ons ná wat Hy vóórgespreek het.

Waar die besondere betekenis van die Psalmboek as liedboek van die kerk erken word, beteken dit egter nou nie dat dit die enigste liedboek moet wees nie. Dit sou ‘n miskennis van die Skrif self wees. Ons sing egter die berymde Psalms ter ere van die God van die verbond, die verbond wat in Christus vernuwe is, en die God wat die Vader van ons Here Jesus Christus is, en deur Hom, ook ons Vader geword het. Die Psalms is ‘n spieël van die mens, ‘n *vademecum*, ‘n reisgids, ‘n naslaanwerk van die mensehart. Ons leer veral onself ken in die Psalms soos ons werklik is: gebroke, gekwetst, sondig, maar bemind en geheel (vgl Michel, 1990:49). “The congregation of Jesus Christ is called on to praise God by standing in the world as followers of Jesus Christ, who praised the Father in his life and death. It praises God by confessing in its whole existence ‘what God has done for us’” (Westermann, 1965:162). “In a doxological fashion the psalms testify to the primordial truth of the entire biblical tradition.... Positively put, we come out from God; we are sustained by God; and our prayer destiny is to be with God” (Cunningham 1989:39).

Literatuurverwysings

- Aeschbacher, G 1987/1988. Über den Zusammenhang von Versstruktur, Strophenform und rhythmischer Gestalt der Genfer Psalmlieder. *Jahrbuch für Liturgik und Hymnology* 31.
- Albrecht, C 1987. *Einführung in die Hymnology* 3. Aufl. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Barnard, A C 1985 *Die Erediens*. 2e dr. Pretoria: N G Kerkboekhandel.
- Brueggemann, W 1988. *Israel's Praise*. Philadelphia: Fortress Press.
- Burden, J J 1991. *Psalms 101 – 119*. Kaapstad: N G Kerk – Uitgewers.
- Cunningham, L S 1989. Praying the Psalms. *Theology Today*. 46/1.
- De Sutter, I 1978. *Psalmen, Hymnen en Liederen*. Brugge: Emmäus.

- Goltzen, H 1963. Der Psalter im liturgischen Gebrauch. *Jahrbuch für Liturgik und Hymnologie*.
- Henkys, J 1980. *Das Kirchenlied in seiner Zeit*. Stuttgart: Calwer Verlag.
- Honders, C 1988. *Liturgie, barsten en breuken*. Kampen: J H Kok.
- Hustad, D P 1981. *Jubilate, Church Music in the Evangelical Tradition*. Illinois: Hope Publishers.
- Johansson, C M 1984. *Music and Ministry*. Massachusetts: Hendrickson.
- Keel, O 1997. Die "Feinde" in den Psalmen. *Brennpunkt Gemeinde*. 1997/2.
- Klek, K 1985. Evangelischhe Kirchenmusik – ihr Ort im Gottesdienst der Gemeinde. *Kirche und Musik*, 1.
- Kraus, H J 1978. *Psalmen I, II*. Neukirchen: Neukirchener Verlag.
- Lamb, J A. The liturgical use of the Psalter. *Studia Liturgica*, 3/2.
- Lenselink, S J 1959. *De Nederlandse Psalmberijmingen van de Souterliedekens tot Datheen*. Assen: Van Gorcum.
- Mahrenholz, C & Söhngen, O Hrsg 1970. *Handbuch zum evangelischen Kirchengesangbuch, III. Liederkunde*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Mens, L 1937. *Over oorsprong en stijl onzer Psalmwijzen*. Amsterdam: H J Paris
- Michel, Dom 1990. De Psalmen, merg van alle christelijke bidden? *Tijdschrift voor Liturgie*. 1990:1/2.
- Miller, R J 1971. *John Calvin and the Reformation of the church music in the sixteenth century*. Diss Claremont Graduate School.
- Möller, M sj. Gebet und Kerugma in den Psalmen. *Theologische Versuche II* in: Rogge R & Schille G (Hrsg), Berlin: Evangelische Verlagsanstalt.
- Müller, J J 1962. Ons Gereformeerde kerklied. *Die Gereformeerde kerklied deur die eeue*. Kaapstad: N G Kerk-Uitgewers.
- Rambach, A J 1972. *D Martin Luthers Verdienst um den Kirchengesang*. Hildesheim: Georg Olms.
- Rosenplänter, E 1984. Zur Ehre Gottes und zur Recreation des Gemütes. *Werkstatt Gemeinde*. 7.
- Ryden, E E 1959. *The Story of Christian hymnody*. Philadelphia: Fortress Press.
- Schille, G 1990: Liederbuch oder Museum? *Zeitschrift für Gottesdienst und Predigt*. 1990:2.
- Schroten, H 1959. Het oude lied in nieuwe beryming. *Jaarboek voor de eredienst*.
- Seybold, K 1986. *Die Psalmen*. Stuttgart: Kohlhammer Verlag.
- Söhngen, O 1961. Theologische Grundlagen der Kirchenmusik. *Leiturgia IV*. Kassel: Johannes Stauda Verlag.
- Spieckermann, H 1989. *Heilsgegenwart. Eine Theologie der Psalmen*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Squire, R N 1976. *Church Music*. St Louis: The Bethany Press.
- Steffe, H M 1997. Beten. Studienbrief S 32. *Brennpunkt Gemeinde*, 1997:9/10.
- Stolz, F 1983. *Psalmen im nachkukltischen Raum*. Zürich: Theologischer Verlag.
- Van Namen, A A 1982. Ons Psalmboek as liedboek in die erediens. *Vir die Musiekliedier*, 2/4.
- Webber, R E 1994. *Worship Old and New*. Grand Rapids: Zondervan.
- Westermann, C 1965. *The Praise of God in the Psalms*. London: Epworth Press.
- Zenger, E 1988. *Mit meiner Gott überspringe ich Mauern*. Freiburg: Herder Verlag.
- Zimmer, S 1997. Die verdrängte Klage. *Brennpunkt Gemeinde*, 2.